

Kyk die seintuur!



BENODIGDHEDE: 400 g Patons Fairytale Baby Quicknit in geel; 1 paar 3,75-mm-breinaalde; 3,50-mm-hekelpen; 70 cm smal lint; 1 knoop.

MATE: Borsmaat 40-45 cm, lengte 27 cm, synaat 18 cm, mounaat 18 cm.

SPANNING: 24 ste en 32 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,75-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); vlg - volgende; tes - tesame; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; weersk - weerskante; ks - koussteek; rif - riffelsteek (r 1, aw 1); m 1 - maak een steek.

Hekelwerk: ks - kettingsteek; kb - kort-been; picot - 3 kettingsteke, 1 kb in eerste van 3 ks.

Siersteek: 1e en 3e ry: r.
2e en 4e ry: aw.

5e ry: r 2, * aw 1, r 3*.

6e, 7e, 8e ry: soos 2e, 3e en 4e ry.

9e ry: r 4, * aw 1, r 3*.

Herh van 2e ry deurgaans.

TRUI

VOORPANT: Met 3,75-mm-breinaalde stel 54 ste op en brei siersteek tot ry 58.

Mousgatvorming: Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye, dan 2 ste aan beg van vlg 2 rye, dan 1 st aan beg van vlg 2 rye. Brei reguit voort tot ry 78.

Ry 79: r 15, heg 12 ste af, r 15.

Brei elke skouer afsonderlik en heg op halsrand in vlg alt rye 3 ste, 2 ste, 1 st, af.

Heg oorbl 9 ste af - 86 rye.

Heg gare aan mousgatrand van tweede helfte vas en r 1 ry.

Aan beg van vlg 3 aw-rye heg 3 ste, 2 ste, 1 st af. Heg oorbl 9 ste af.

LINKERAGTERPANT: Stel 30 ste op en brei siersteek tot ry 16.

Begin seintuurvorming: Aan beg van vlg 7 r-rye stel op 12 ste, 10 ste, 9 ste, 8 ste, 3 keer 6 ste - 87 ste. Brei 3 rye reguit.

Aan beg van vlg 7 r-rye heg af 6 ste 3 keer, 8 ste, 9 ste, 10 ste, 12 ste - 30 ste bly oor.

Brei reguit voort tot ry 57.

Mousgatvorming: Aan beg van vlg 3 aw-rye heg af 3 ste, 2 ste, 1 st.

Brei reguit voort tot ry 86, heg 24 ste af.

REGTERAGTERPANT: Soos speelbeeld van linkeragterpant, sonder seintuur.

Tweede deel van seintuur: Stel 6 ste op; aw 1 ry.

Aan beg van vlg 4 r-rye stel op 8 ste 1 keer, 6 ste 3 keer - 32 ste. Brei 3 rye reguit.

Aan beg van vlg 5 r-rye heg af 6 ste 3 keer, 8 ste 1 keer, 6 ste 1 keer.

MOUE: Stel 30 ste op en brei siersteek, verm 1 st weersk van elke 10e ry 5 keer - 40 ste. Brei tot ry 58.

Moukoppvorming: Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye, 2 ste aan beg van vlg 2 rye, 1 st aan weersk van elke r-ry tot ry 86; heg laaste 6 ste af.

AFWERKING: Werk skouernate toe. Werk synaat van agterpant sonder seintuur aan voorpant vas. Werk linkeragterpant (die pant met seintuur) aan voorpant vas van 1e tot 20e ry, en van 40e tot 58e ry. Plaas tweede deel van seintuur in opening en werk die drie dele tesame vas. Werk mounate toe. Werk moue in.

Hekel omranding soos volg: 1e rondte: Met RK voor, *1 kb, 2 ks, slaan 2 ste oor*, hekel om hoek met 1 kb in hoek-st.

2e rondte: 2 kb, 1 picot, 2 kb in elke sp. Werk knoop aan een punt van seintuur vas.

BROEKIE

EERSTE HELFTE: Stel 60 ste op en rif 12 rye. Slaan oor na siersteek en brei soos volg:

Begin sitvlakvorming: Aan beg van elke r-ry, vermeer 1 st 5 keer - 65 ste. Plaas merker aan weersk van 11e ry van siersteekpat. Brei reguit voort tot ry 20.

Brei kort rye op dieselfde rand as vermeer.

21e ry: (r-ry) r 15, draai, aw 15, brei 2 rye oor alle ste.

25e ry: r 20, draai, aw 20, brei 2 rye oor alle ste.

29e ry: r 25, draai, aw 25, brei 2 rye oor alle ste.

33e ry: r 35, draai, aw 35, brei 2 rye oor alle ste.

37e ry: r 25, draai, aw 25, brei 2 rye oor alle ste.

41e ry: r 20, draai, aw 20, brei 2 rye oor alle ste.

45e ry: r 15, draai, aw 15, brei tot ry 70 vir agternaat en tot ry 56 vir voormaat - d.w.s., 14 rye verskil.

Brei 6 rye rif.

Gaatjiesry: Vlg ry: * r 1, r2 tes, m 1, rif 3* Brei 5 rye rif. Heg af.

TWEDE HELFTE: Brei soos eerste helfte, maar met fatsoenering op aw-rye gebrei.

INSETSEL: Stel 1 st op, aw 1 st; r 2 keer in st; aw 1 ry; r 2 keer in elke st (= 4 ste); aw 1 ry; * r 2 keer in eerste en laaste st; aw 1 ry*. Herh van * tot * tot 12 ste op naald. * r2 tes aan beg en einde van ry; aw 1 ry*; herh van * tot * tot 2 ste oor bly, r2 tes, heg af.

AFWERKING: Werk voor- en agternaat tot by merkers toe. Werk 12 rye rif toe vir broekspye. Werk insetsel in opening vas ryg lint deur gaatjies.